Ilse Schumann en Niël Rademan maak saam maanmusiek

23 Sept 2017

Mariana Malan

Twee kunstenaars wat "met die maan gepla is", hou eersdaags saam konsert. Hulle beskryf die program wat hulle gaan aanbied as maanmusiek met "temas van die aand, wind, maan, verlange en liefde: tipies musici met die maan gepla."

Dis is 'n oefenlopie vir iets baie groter wat hulle volgende jaar wil aanbied.

Die pianis, begeleier en répétiteur Ilse Schumann woon nou al meer as 30 jaar in Wene, Oostenryk, en vir haar is haar besoeke aan Suid-Afrika, wat nou meer dikwels is, altyd 'n hoogtepunt.

Dit het sowat vier jaar gelede begin toe sy plaaslik konserte kom hou het saam met Janelle Visagie, Anmari van der Westhuizen (tjello) en die violis wyle Alfred Pfleger. Vanjaar was sy op die Suidoosterfees-program saam met die Odeion Strykkwartet.

Niël Rademan
Foto: JEANDRI STREICHER

Schumann het in Stellenbosch grootgeword en is een van vyf susters. Haar suster Nina is ook 'n bekende in die klassieke musiekwêreld. "Ons is almal musikaal. My ma het destyds in Kruik se ad hoc-koor gesing. Sy het al die geldjies wat sy so gemaak het gebruik om vir ons musieklesse te betaal," vertel Schumann.

Schumann is ewe tuis as begeleier, répétiteur en solis. Sy was onder meer Mimi Coertze se begeleier. "Dis vir my wonderlik lekker om dit te kan doen. Ek was altyd die een wat my susters ook begelei het."

Sy het al vele bekende sangers begelei. Een wat sy altyd sal onthou is Johan Botha. 'n Groot geleentheid vir haar was toe sy by repetisies betrokke was waar Yehudi Menuhin gedirigeer het.

Dis vir Niël Rademan 'n groot eer dat sy hom sal begelei in die konsert wat hulle saam aanbied.

Sy begelei hom graag, want hy roer haar hartsnare wanneer hy sing, sê sy.

Die twee beskou hul samewerking vanjaar as die voorloper tot iets baie groter wat hulle volgende jaar wil aanpak maar nog nie nou veel oor kan sê nie.

Die kleiner huiskonserte in Suid-Afrika is vir Schumann iets besonders.

"Die mense hier het die plek om dit aan te bied. In Europa is daar kleiner teaters en lokale en dis ook lekker om daar op te tree. Ek hou van die intimiteit van klein konserte. Dit voel vir my of ek regtig kommunikeer met mense wanneer hulle so naby aan my sit."

Die program sluit die volgende klavierwerke in: "Maanlig Sonate" (eerste beweging) – Beethoven, "Nocturne D-mol majeur Opus 27, No. 2" – Chopin, "Nocturne C-mineur Opus 48. No. 1" – Chopin en "Clair de Lune" – Debussy.

Rademan sing in hierdie program hoofsaaklik kunsliedere, onder meer "Drie nagliedjies" (van W.E.G. Louw), twee van Robert Schumann, 'n tradisionele Vlaamse drinklied uit die 1800's en drie liedjies met lirieke van Philip de Vos.

Optredes:

- 24 September om 16:00: Wahnfried, McGregor. Bespreek by wahnfried27@gmail.com, 023 625 1401 of 072 601 1616.
- 28 September om 18:30: The Teatro @ Ten on Main, Swellendam. Bespreek by charles@cdkinvest.co.za of 028 514 2202.
- 29 September om 19:00: Huiskonsert, Aandbloemstraat 24, Vredehoek. Bespreek by niel.rademn@gmail.com.
- 1 Oktober om 18:00: Jonkershoekweg 50, Stellenbosch. Bespreek by ilzeswart@yahoo.com of 082 859 5430.